Commissioner for Children OF THE WESTERN CAPE

#littlevoicesMUSTcount
#kleinstemmetjieMOETsaakmaak
#amazwiamancinciMAKAVAKALE

KINDERKOMESARIS KRONIEKE
JUNIE-DESEMBER 2023
UITGAWE 02– AFRIKAANS

# Drie Weskaapse kinderregte aktiviste ontmoet die UNCRC in Geneva



Rushaan Abdol (15), Ruan Klaase (16) and Solakha Noyi (16) is Kinderregering Monitors en Adviseurs in die WKK kantoor.

In September het drie kinderregte aktiviste van die Weskaap die geleentheid gehad om die Verenigde Nasies Kommittee vir die Regte van die Kind (VNKKR) te ontmoet en voorspraak te maak rakende die regte vir kinders in die provinsie en die land.
Rushaan Abdol (15), Solakha Noyi (16), and Ruan Klaase (16) is Kinderregering Monitors en Adviseurs in die kantoor van die Weskaapse Kommissaris vir Kinders. Hulle is adviseurs vir kinderregte bewusmaking en hulle voorsprake is 'n bewys van hulle toewyding om die lewens van kinders te verbeter en bevorder. Hierdie drie het voorsprake gelewer om aanbevelings van die Regering aan die VN Kommittee vir Kinderregte te ondersteun.

Die Kommittee vir Kinderregte is 'n professionele liggaam en bestaan uit verskeie kinderregte spesialiste wat saamgestel is deur die Verenigde Nasies. Hierdie drie passievolle kinders het uitstaande vaardighede en ywerigheid gedemonstreer vir die beskerming van kinder regte, wat hulle ideale verteenwoordigers maak vir kinders van die provinsie op internasionale vlak.

Kinder Kommissaris Christina Nomdo noem dat *dié* drie besonderse Kinderregering Monitors hulle baie goed van hul taak gekwyt het om die realiteite van kinders in Suid-Afrika aan die VNKKR oor te dra. Sy noem dat hulle treffende stories het hulle voorsprake aan die VNKKR beklemtoon, insluitende aspekte van geestesgesondheidsdienste vir kinders, kinderarmoede, geweld teen kinders, diskrimminasie, die versoek van kinders in hulle gemeenskappe dat die reg tot politieke stem tot 16 jaar oud aangepas word, en vir die daarstelling vir 'n Nasionale Kinder Kommissaris. Hulle Kinderregering Monitors, Mentors en Alumnus is baie trots en dankbaar dat hierdie drie die kantoor van die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders verteenwoordig het", noem sy.

Solakha beskryf dit as 'n wonderlike geleentheid om die stem van Suid-Afrikaanse kinders op internasionale vlak te verteenwoordig. Rushaan noem dat haar betrokkenheid by die kantoor van die Kinder Kommissaris haar sin van verantwoordelikheid help om die omstandighede van kinders te verbeter.

Ruan is dankbaar dat hy deur die Kommissaris gekies is om die Matzikama Munisipaliteit te verteenwoordig en beklemtoon die waarde van sy deelname en die geleentheid om met die VKKR, AU en Nasionale Regering te kon praat. "Dit sou nie sonder die die Kommissaris se hulp moontlik gewees het nie," noem Ruan.

## IN HIERDIE WEERGAWE

BLADSY 2: KOMMISSARIS IMPLEMENTEER BEGROTING WERKSWINKEL IN BITOU MUNISIPALITEIT

BLADSY 4: ONTMOET DIE NUWE PERSONEEL.

BLADSY 5: REIS AMBASSADEURS VERTEL VAN HULLE ONDERVINDING IN GENEVA

BLADSY 6: KRM'S SKRYF 'N VOORLEGGING AAN DIE VNKRR.



# BOODSKAP VAN DIE KOMMISSARIS VIR KINDERS

## CHRISTINA NOMDO

Ons deel met trots ons tweede twee-jaarlikse nuusbrief, wat in 2023 geloods was. Ons deel sleutel aksie planne en prestasies waarin die kantoor betrokke was. Dit is erkenning en 'n blyk van waardering vir ons hardwerkende personeel, die kinders wat ook ons vennote, mees waardevolste vennote, en ook die verskeie rolspelers wie ons benader en saamwerk ter bevordering van kinderregte.

Die tweede helfte van die jaar was gekenmerk deur betekenisvolle oomblikke wat die kantoor erken en vier. 'n Spesifieke hoogtepunt was die geleentheid wat geskep was vir 3 kinders van plattelandse gemeenskappe om direk te skakel met die Verenigde Nasies Kommittee vir die Reg van die Kind in Geneva, Switzerland.

Die Kinderkommissaris Kronieke sal ons help met die bewusmaking van die kantoor se mandaat. Vir die eerste keer sal die nuusbrief nou beskikbaar wees in dien drie provinsiale tale; Engels, Afrikaans en IsiXhosa . Ons is ook baie dankbaar dat daar nou meer personnel aangestel is om effek te gee aan die mandaat en werksaamhede van die Kommissaris.

Ons hoop dat u hierdie reis saam met ons geniet ter opbouing van die institusie.

Groete
Christina.

083 776 7067

@ChildrensCommissionerWC

@childrenscommissionerwc

Childrens Commissioner WC

@ChildCommWC

@WC_CCC


Childrens.Commisioner@wccc.gov.za

**Opvoeding**

Leer almal van die wette, beleide, en projekte vir kinders.

**Adviseer**

Adviseer regering tot verandering en begrip vir kinderregte.




**Aanbevelings**

Beveel aan 'n plan van aksie om wette, beleide en praktyke te verander wat kinders negatief affekteer.

**Werwing**

Werf sleutel besluitnemers van wette, beleide en praktyke wat kinders affekteer.

**Ondersoek**

Ondersoek klagtes rakende regeringsdienste en maak aanbevelings.

**Kinder Deelname**

Kinders moet ingelig en betrokke wees met die werk van die Kommissaris vir Kinders, hulle perspektiewe van hulle regte, behoeftes en belange.

**Navorsing**

Doen of inisieer navorsing van beleide en praktyke wat kinders affekteer.

**Moniteer**

Moniteer die impak van regeringsdienste, wette en beleide op kinders.

## WKKK implementeer regering begroting monitering werkswinkel met Bitou Junior Raad in Pletterberg Baai.











Tydens die regering begrotingskamp in Julie 2023, gehou te Malmesbury, het vyf kinders van die Munisipaliteit dienslewering kwessies wat kinder regte belemmer, aangespreek. Hierdie kwessies sluit in die gebrek aan vullis verwydering and onveilige parke in die Bitou Munisipaliteit. In reaksie tot hierdie kwessies, het die WKKK span Pletterberg Baai in November 2023 besoek en 'n regering begroting opleiding sessie gehou met die Bitou Munisipaliteit Junior Raad.

Die primêre doel van hierdie opleiding sessie was om die kinders te bemagtig met inligting rakende regering begrotings, wat belangrik is vir die pleiting van kinderregte in begroting prosesse.

Die WKKK mandaat sluit in kinderdeelname, wat verseker dat kinders 'n stem het in besluite en besluitnemings prosesse wat hulle affekteer, soos byvoorbeeld regering begroting vir die insluiting van kinder regte. Die doel van die twee-dae werkswinkel was dus om die kinders te bemagtig ten einde hulle regte en begroting monitering te verstaan, spesifieke deur die vennotskap tussen die WKKK en die Munisipaliteit.

Die kinders het van die munisipale begroting geleer, hoe dit bepaal word, en hoe hulle as Junior Raad insette kan lewer vir 'n groter begroting. Die eerste dag van die werkswinkel het gefokus op kinders as kinderregteverdedigers. Die kinders het inligting plakkate geskep wat voorgelê was aan die Verenigde Nasies Spesiale Rapporteur.

Die werkswinkel het ook op leierskap gefokus waar die kinders gereflekteer het op ondervinding van die Springbok kaptein, Siya Kolisi se lewe en leierskap styl. Op die tweede dag het die werkswinkel gefokus op die struktuur van die regering en die verdeling van inkomste en begrotings. Die Bitou Raad Speaker, Claude Terblanche, en sy kantoor se positiewe stand vir kinderdeelname, het die Kommissaris hoogs beindruk. Gedurende die werkswinkel was die kinders die geleentheid gebied om met die Munisipale Bestuurder, Mbulelo Memani, te praat en voorstelle te maak vir hulpbronne tot veiliger en beter parke en 'n vullisverwyderingstelsel. Hierdie kwessies is ook die hoof dominerende dienslewering bekommernisse van ander Kinderregering Monitors in die provinsie.

Die Bitou Munisipale Bestuurder het Tydens die werkswinkel 'n voorlegging gedoen rakende die Munisipaliteit se begroting prosesse. Die Junior Raad kon vrae stel aan Mnr. Memani en hulle het geleer dat hulle die munisipale begroting kan beinvloed deur deel te neem aan die publieke deelname proses in hulle onderskei gemeenskappe.

Die Speaker het die belangrikheid beklemtoom om kinders deel te maak van beplanning ten einde te verseker dat hulle in produktiewe en welvarende landsburgers ontwikkel. Speaker Terblanche noem: "Dit is belangrik om te verseker dat ons kinders insluit by ons beplanning vir hulle sodat daar 'n bevordelike omgewing geskep kan word vir hulle om produktiewe en welvarende landsburgers te word". Kommissaris Christina Nomdo noem: "Kinders het 'n waardevolle bydrae om te maak tot besluite. Hulle dra 'n unieke perspektief by van lewens omstandighede en realiteite. As ons net meer toeganglike bestuursinformasie kan voorsien, dan sal baie meer aktiewe landsburgers wees".

Ons is opgewonde om aan te kondig dat ons twee nuwe personeel lede deel geword het van ons WKKK familie. Die twee Assistent Direkteure is aangestel in ons Monitering en Bewusmaking Department as kontrak werkers vir die volgende twee jaar. Malcolm Hess sal fokus op monitering terwyl Xolane Ndlovu sal fokus op bewusmaking. Tessa Goldschmidt was bevorder tot Assistent Direkteur posisie.




**Malcolm Hess** het 'n sterk agtergrond in gemeenskap deelname en navorsing as Sosiale Misdaad Voorkoming Projek Bestuurder, as Onderwyser, as Program Bestuurder met die bemagtiging van gemeenskappe in die stedelike en semi-stedelike areas. Hy het 'n Meestersgraad in Ontwikkelings Studies met 'n fokus op sosiale beskerming, ontwikkelingsbestuur, sosiale beleid en ekonomiese ontwikkeling.



**Xolane Ndlovu** het 'n Meestersgraad in Politieke Wetenskap. Hy het 'n sterk agtergrond in navorsing, diplomatiese missie, voorspraak, pleiding, and menseregte. Sy werk geskiedenis sluit in ondersteun beleid navorsing, monitering en rapportering op sosio-ekonomiese initiatiewe en die bestuur van gemeenskap uitreik programme. "Ek is geëerd om aangestel te word as die AD van die WKKK kantoor. Ek sien uit om deel te wees en bydra te lewer tot bevordering en beskerming van kinder regte in ons gemeenskappe," noem Xolane.




**Tessa Goldschmidt** was bevorder to Assistent Direkteur van die Ondersoek en Advies Department. Sy was voorheen aangestel as Kinderkommissaris Beampte (KKB) in die Monitering en Bewusmaking Department, waar sy verantwoordelik was vir kinderdeelname in die kantoor. Tessa was die eerste KKB en personeel lid in die kantoor nadat sy aangestel was in Februarie 2021. Sy was instrumenteel met die ontwikkeling van die vier kinderdeelname metodes in die kantoor en sy het sterk verhoudings met die kantoor se Kinderregering Monitors. "Ek is geëerd om aangestel te word in die posisie en ek is opgewonde vir die nuwe rol en om te groei in my beroep", sê sy.

**Leeropdrag: Bou die kapasiteit van kinders vir openbare begrotingsvoospraak.**

Hierdie opdrag verskaf 'n oorsig van die kapasiteitsbouproses en gee besonderhede oor die kinders se insette in begrotingsprogramontleding, die Munisipale/Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsigte, asook die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring 2022.




**Gemeenskap kinderregte werkswinkel: Beaufort-Wes Munisipaliteit**

Die WKKK het die Beaufort-Wes Munisipaliteit vanaf 7-12 Maart 2022 besoek en met volwasse diensverskaffers en kinders by dienspersele en in skole in gesprek gegaan. Hierdie verslag bied die sleutelinsigte wat uit hierdie verbintenisse verkry is.

Die Kinderregering Monitor (KRM) forum is een van die vier kinder deelname metodes in die kantoor van die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders. Die forum was gevestig in 2020 ten einde te verseker dat kinders betrokke is in die werk van die WKKK. Hierdie forum voorsien die kinders met geleenthede om wette, beleide en praktyke vir kinders te beinvloed, so ook is die forum opvoedend en bemagtigend gerig. Die kinders word genomineer deur kinderregte organisasie of enige ander organisasie wat werk met kinders insluitende Kinder en Jeug Sorg Sentrums, of hulle nomineer hulself. In hierdie weergawe, "Keeping Up With the CGMs" gaan ons bekendstel die gesigte agter die skerms van die KRM forum en meer leer rakende hulle werk as kinderregteverdedigers in die provinsie.



**Lilitha Kopolo, 'n 15 jarige Graad 9 leerder te Bellville Tegniese Hoër Skool, beskryf haarself as snaaks, vreemd, en vriendelik. Haar gunstelling kleur is blou, wat sy kalmerend en ontspannend vind. Sy geniet Natuur Wetenskap, Wiskunde, en sy hou ook van teken.**

**Wanneer het jy by die WKKK aangesluit en wat het jou geinspireer om deel te word van die KMM Forum?**

Ek was 12 jaar oud toe ek by die WKKK aangesluit het, in Junie 2021 toe die Kommissaris na my skool toe gekom het Tydens Kinders Beskerming Week. Aan die begin het ek nie geweet wat ek doen toe ek my ouers se kontak besonderhede neer geskryf het om by die KRF aan te sluit nie, maar toe ek die WhatsApp sessies bygewoon het, het almal gepraat van hulle daaglikse lewens en kinder regte.

**Wat geniet jy die meeste as 'n KRM/ Mentor/Adviseur?**

Behalwe om kampe by te woon, wat alreeds opvoedend en genot is, geniet ek dit om met almal in die groepe interaksie te hê. Dit is die manier hoe almal kommunikeer met mekaar asof ons mekaar reeds vir baie lank ken en dit bewys hoe welkomend die atmosfeer is.

**Wat is die mees wonderlikste ding wat al ooit met jou gebeur het?**

Om aan te sluit by die KRF omdat ek stadig maar seker meer van myself leer, my woordeskat verbeter elke dag en almal leer van mekaar.

**Wat was jou mees besonderse oomblik as KRM?**

Toe ek en 'n ander KRM Johannesburg toe gegaan het vir 'GBV' beraad, wat die eerste beraad was waar kinders deel was. Ek was baie gelukkig om deel te kon wees daarvan. Nog 'n rede waarom dit 'n spesiale oomblik was, dit was my eerste keer op 'n vliegtuig en ook my eerste keer in 'n ander provinsie anders as die Oos-Kaap. My ander besonderse oomblik as KRM was die tyd toe ek Botswana toe gegaan het vir die Streeks Kinderregte Konferensie 2023 vir KRNSA (Kinder Regte Netwerk vir Suiderlike Afrika). Dit was my eerste keer om buite die land te vlieg.

**Wat dink jy is die uitdagings was kinders en juig in die gesig staar in die Weskaap provinsie?**

Geestesgesondheid is een van vele probleme wat ons jeug en kinders in die gesig staar. Dit gebeur regoor die wêreld maar persoonlik dink ek dit is die druk van opcodes by die skool. Die manier hoe opvoeders ons onder druk plaas oor eksamens is oorweldigend, konstant ons herinner dat hulle enige ander plek in die wêreld gewees het, maar hulle bly om ons te leer. Diskrimminasie en boelie in skole is ook ander probleme wat ons in die gesig staar. Hoe sal jy die wêreld verander as jy kon? Ek sal die wêreld 'n veilge omgewing maak vir kinders om vry te speel in parke, op die paaie en by die skool sonder om bang te wees om ontvoer, geboelie en seer gemaak te word. As ek die wêreld kon verander, sou ek elke kind gelukkig wou maak.

**As jy kon, hoe sou jy die wêreld verander om 'n beter plek te wees vir kinders?**

Ek wil graag die omgewing waar ons speel in die park, op die pad en in die skool, veilig hê. Ek will geen vrees hê teen ontvoering, om geboelie to word of om seer te kry nie. As ek die wereld kan verander, sal ek seker maak dat alle kinders veilig is.



**Zubair Ryklief is 18 jaar oud en 'n Graad 12 leerder by Excelsior Sekondêre Skool in Belhar. Hy beskryf homself as skaam, passievol en liefdevol. Sy gunseteling vakke op skool is Engels en Lewensoriëtering. Hy hou van Engels want dit help hom om mense te verstaan en sy eie stories te skryf oor hoe hy die lewe sien. Lewensoriëtering gee vir hom basiese kennis en insig wat hy voel almal moet hê.**

**Wanneer het jy by die WKKK aangesluit en wat het jou geinspireer om deel te word van die KMM Forum?**

Ek het by die WKKK in Julie 2020 aangesluit en wat my aangetrek het was die feit dat die boodskap en doel van die kantoor was iets waardig en ek kon nie uit mis om 'n verandering te maak vir my generasie en die toekomstige generasie nie.

**Wat geniet jy die meeste as 'n KRM/Mentor/Adviseur?**

Ek geniet dit om te leer van al die regte wat ons as kinders en jeug het in die land en die konstante behoefte om aktiviste te wees omdat ons die geleentheid het om te adviseur vir diegene wat nie kan nie of wat bang is, en om opregte verandering mee te bring al neem dit tyd om dit te bereik.

**Wat is die mees wonderlikste ding wat al ooit met jou gebeur het?**

Om vir Christina te ontmoet want sy het my die geleentheid gebied om 'n beter te wees en om ander te ontmoet wie ook 'n verskil wil maak in ons land.

**Wat was jou mees besonderse oomblik as KRM?**

Die oomblik toe ons gekontak was, deur lede van ons Parlement en die Kommisarisse van ander lande want hulle is beindruk met die werk wat ons doen.

**Wat dink jy is die uitdagings was kinders en jeug in die gesig staar in die Wes– Kaap provinsie?**

Ek dink die grootste uitdagings wat jeug in die Wes-Kaap op die oomblik in die gesig staar is die feit dat hulle nie weet dat hulle sekere regte het nie en volwassenes ouer as hulle gebruik dit tot hulle voordeel. Dit sluit in by skole, huise, buitemuurs, ensovoorts.

**As jy kon, hoe sou jy die wêreld verander om 'n beter plek te wees vir kinders?**

As ek iets kon doen om die wêreld te verander, ek sou baie graag hongersnood in die wêreld tot 'n einde bring en seker maak dat alle mense in die wêreld nooit weer hongersnood ervaar nie.

# Reisambassadeurs deel hulle reis ondervinding na Geneva, Switzerland.

Drie kinderregte-aktiviste, Solakha Noyi, Ruan Klaase and Rushaan Abdol het na Geneva, Switzerland, gereis om aan die VKKR die lewensrealiteite van kinders in die Provinsie en die land voor te lê. Hierdie drie vertel van hulle reis ondervinding, vanaf die visum aansoek proses, hulle weeklange besoek in Geneva tot en met hulle terugkeer huis toe.







Ons het baie besienswaardige toere gedoen en die geleentheid gehad om Geneva goed te leer ken.

Die tipe vervoermiddels wat ons gedurende die week besoek gebruik het was: stap, trem, boot, busse, trein en vliegtuig. Ons het die Sondag gearriveer en by 'Burger King' gaan eet net om bietjie nader aan die huis te voel. Daarna het ons by die hotel ontspan.

Die Maandag het ons die VN Gebou (Palais De Nations) besoek en gereis na De Wilsons gebou om vir ons te vereenselwig met die plek. Ons het ook aan ons voorleggings gewerk die Maandag. Ons het met 'n boot gereis op Meer Geneva en vir aandete gegaan by 'n restourant. Dinsdag was VN dag en daarna het ons uitgegaan na restourante.

Woensdag het ons die 'Universe of Particles in Cern' besoek. Solakha was gek hieroor! Dit was baie insiggewend. Dit was ook baie naby aan die Franse grens en ons wou gaan maar Tina wou nie. Die aand het ons 'fondue' gaan eet by 'n restourant saam met Christine, Eric, Andre (van 'UNICEF'), Prof Ann en nog 'n ander person van die VN. Ruan wou aan die begin nie die 'fondue' probeer nie, maar hy het dit later geëet, was lief daarvoor en gekla as iemand anders wil eet.

Dit was baie mooi daar en ek het kouerillings gekry in die kasteel vir die historiese gebeurtenisse wat plaasgevind het daar. Ons het terug gereis met die trein en na ons hotel gegaan. Later het ons uitgegaan na 'n tradisionele Switserse restourant.

Ons het dit so geniet. Hulle het tradisionele Switserse musiek gespeel en ons het sjokolade fondue geëet. Hulle het vir my verjaarsdag gesing en ek het roomys meringue gekry en gedeel met die span.

Donderdag het ons per trein saam met Andre die stad Montreux besoek. Ons het 'n bietjie verdwaal aan die begin maar later ons weg gekry in die stad. Andre het gesê: "Jy raak nooit verlore nie, jou reis word net verleng".

As aansoek om na Geneva te vlieg, moes ons 'n twee minute stempos nota aan die Kommissaris stuur. Dit was baie stresvol omdat ek nie seker was of ek gekies sal word nie. Die Kommissaris moes 'n versoek doen aan die Staat vir ons reis na Geneva. Dit was ook baie stresvol want hulle het lank geneem om die versoek te teken maar gelukkig het die Kommissaris aanhoudend opgevolg en hulle het later goedgekeur vir ons al drie om te gaan. Gelukkig was ek gekies vir die reis en ek en my ouers moes Kaapstad toe gaan vir my visum aansoek. Ons moes baie papiere en vorms invul. My ouers was nie altyd beskikbaar nie. Dit was baie stresvol om na die visum kantoor te gaan want ons nie geweet of alle papiere suksesvol geteken was nie. Die akkommodasie was uitstekend in Kaapstad alhoewel nie alle hotelle middagetes gegee het nie. Ons het vanaf Kaapstad na Dubai gevlieg wat baie lank was. Ons moes vir lang ure wag in die warm Dubai voordat ons ons volgende vlug kon kry. Toe ons na Geneva vlieg, was ons ingelig oor die lug onstuimigheid en ek was baie senuagtig, maar gelukkig het ons dit nie gevoel nie. Aanboord prosedure by die lughawe was bietjie onregverdig want eerste klas en besigheid klas passasiers het die voorkeur geniet. Hulle vlugte was goed en die kos was uitstekend. Die vlug na Geneva was baie pret maar ook stresvol.

Ons het baie pret gehad en wonderlike mense ontmoet. Ons het vir Andre en Christine ontmoet wat by UNICEF werk. Hulle het vir ons vir middagete genooi. Christine praat vlot Frans en sy het vir ons paar vinnige lesse gegee.

Andre het vir ons na Montreux geneem en ons het gepiekniek by die meer. In elk geval, ek dink ek het gewig verloor van die dag se stap, maar soos Andre gesê het, ons het nie verdwaal nie en het nie by die verkeerde stop afgeklim nie.

Ons het ook vir Anne ontmoet. Sy is die voorsitter van die VN kinderregte kommittee. Sy het ons vir 'n roomys geneem en het ook 'n wonderlike pizza plek aan ons voorgestel. Ons het ook die geleentheid gehad om vir Karabo te ontmoet, sy is fenomenaal en slim.

Die vergadering was wonderlik. Ek het soveel pret gehad en die beste was ons het 'n vertrek gehad waar ons kon ontspan en glo my, die sjokolade wat Karabo vir ons gegee het, het ons gered. The Kommittee lede was so vriendelik en hulle het met aandag geluister na alles wat ons gesê het.

Ons het Cern besoek wat absoluut verrykkend was. Ek het voor 'n versneller gestaan en het so baie geleer. Dit was so goed van almal om te bly alhoewel dit nie interresant was vir hulle nie. Ek het selfs vir my 'n CERN kappietop gekry. Ons het ook die Chillon Kasteel besoek wat nog 'n groot hoogtepunt was. Ek het letterlik soos 'n koninglike gevoel.

Ons het ook die geleentheid gehad om die Egiptiese kinders te onmoet en so baie pret gehad. Terloops, hulle McDonalds het baie meer as net Oreo Mcflurrys.

Om op die trein te kon wees en so baie mooi besienswaardighede te sien, was absoluut asemrowend. Oor die algemene, dit was 'n wonderlike ervaring and WOW! Ek is nog steeds besig om aan te pas tot realiteit want Switzerland het gevoel soos 'n droom.


## KRM maak 'n voorlegging aan die Verenigde Nasies Kommittee vir die Regte van die Kind (VNKRK) rakende lewens realiteite in die provinsie en die land.

Die Kinderregering Monitors (KRM) het 'n verslag saamgestel en voorgelê aan die VNKRK waarin hulle bekommernisse rakende kinderregte beklemtoon.

Die KRMs het 'n voorlegging saamgestel met betrekking tot die lys van kwessies voor rapportering in 2020. Die voorlegging is 'n opvolg na die Suid-Afrikaanse Verslag ter tafel gelê was. Die KRMs het konstant geadviseer vir verskillende kwessies wat hulle glo spesiale aandag moet geniet in die Staatsverslag.

Hierdie kwessies sluit in geestesgesondheid, hongersnood, geweld, diskrimminasie, kinder deelname in regering begrotings, the vestiging en instelling van 'n Nasionale Kommissaris vir Kinders, en die vermindering van die stemregtelike ouderdom van 18 jaar oud tot 16 jaar oud. Hulle aanbevelings vir die Suid-Afrikaanse regering sluit in die voorsiening van psigo-sosiale hulp opleiding vir gemeenskapslede, die bou van gemeenskap sentrum vir selfbeeld ontwikkeling en die bevordering en implementering van geestesgesondheid voorkomings programme in gemeenskappe, skole en ontspanning sentrums.

Deur geestesgesondheid te prioritiseer, kan die regering die welstand van kinders verseker en hulle die nodige hulp en ondersteuning te bied. Met betrekking tot kinder hongersnood, is die aanbeveling dat die regering groente tuine ondersteun, motiveer volwassenes om sopkombuise te begin en help hulle met voedsel koepons wanneer subsidie fondse op gebruik is. Dit is noodsaaklik om kinder hongersnood aan te spreek om te verseker dat kinders toegang het tot voedsame maaltye en nie aan wanvoeding ly nie. Gesinsgeweld is 'n beduidende kwessies wat die regering moet aanspreek, meen die KRMs. Hulle beveel aan dat meer veiligheids en ontwikkelings sentrums vir kinders gebou kan word, voorsien opleiding aan ouers hoe om kinders goed groot te maak, en versterk verhoudings tussen ouers en kinders.










Deur veilige en ondersteunings omgewings te vestig, an die regering kinders beskerm van geweld en hulle voorsien met die nodige hulpbronne om te floreer. Die KRMs adviseer ook vir beleide om kinders te beskerm teen diskrimminasie, spesifieke teen die LGBTQI+ gemeenskap.

Hulle glo dat almal gelyk hanteer moet word en dat diskrimminasie nie geduld moet word nie. Deur die implementering van hierdie beleide ten einde inklusiwiteit en aanvaarding te bevorder, kan die regering 'n samelewing vestig wat die regte en waardigheid van kinders respekteer. Ter afsluiting, die KRMs het 'n verslag voorgelê wat hulle bekommernis beklemtoon rakende Staatsverslag se gebrek aan kinder-vriendelikheid. Hulle het geadviseer vir verskillende kwessies, insluitende geestesgesondheid, hongersnood, geweld, diskrimminasie, begrotings, the vestiging en instelling van 'n Nasionale Kommissaris vir Kinders, en die vermindering van die stemregtelike ouderdom.

Terselfdetyd, deur hierdie kwessies aan te spreek, kan die Suid-Afrikaanse regering 'n beter toekoms vir sy kinders skep, hulle welstand, veiligheid en gelyke geleenthede te verseker.

**Die Kommissaris en drie Kinderad-viseurs van die kantoor het 'n pub-lieke biblioteek seminaar byge-woon, getitel "Changing Lanes/ Verander Bane". Die delegasie was bevoorreg om 'n stel van ons publikasies aan die LER Kulturele Sake en Sport te oorhandig. Hulle het ook die geleentheid gehad om vir Dr. Guzula te ontmoet en 'n isiXhosa weergawe van ons man-daat plakkaat te oorhandig. Dr. Guzula het sonder koste die man-daat storie vanaf Engels vertaal gedurende die Covid-19 pan-demie .**




Ons KRMs Vimbai Watambwa en Saadiq Daniels het reis ondervindings van kinders wat 'n verandering in die wêreld bring, voorgehou. Die voorlegging was gemaak by die Afrika Lugvaart Innovering Beraad. Hulle het voor-leggings gedoen oor die Kinder-regering Monitors se reis ondervindings en hulle impak by die Verenigde Nasies. Hulle het lugrederye uitgedaag om kinders se reis ondervindings ernstig op te neem.



Die Kommissaris het 'n wonderlike tyd gehad om met leerders van Rosewood Primêre Skool in Bonteheuwel te spandeer. Sy het gepraat van die belangrike werk van die Kommissaris vir Kinders en kinderregte. Die kinders se deelname was goed, hulle was opgewonde en het selfs lekker pryse gewen.






Die Kommissaris het Strandfontein Sekondêre Skool besoek om konsultasies te hou met die Verteenwoordigende Raad van Leerders. Die fokus van hierdie konsultasies is om te bepaal of die stem van die VLR gehoor word en wat die kwaliteit van die verhoudings tussen die VRL en skoolbestuur is.



Die Kommissaris het 'n Dankseggings Kerkdiens van die Nuwe Apostoliese Kerk te Ottery by gewoon. Sy was uitgenooi deur a mentor en die kerk om die bemagtiging van kinders en jeug in die geloofs-gebaseerde gemeenskappe te ervaar.